# RPO Markverslag

## Week 11 van 2026

Week geëindig op 13 Maart 2026






**Let Wel:** Hierdie is historiese pryse tot op 13 Maart 2026 en `n gemoduleerde voorspelling van toekomstige pryse.
Dit is nie `n weergawe van die huidige markpryse nie.

| Klas | Prys | Week/Week | Maand/Maand | Jaar/Jaar |
|---|---|---|---|---|
| **Speenkalf (R/kg)** | **R41.71** | **2.6%** | **3.4%** | **21.3%** |
| **A2 (R/kg)** | **R62.12** | **-0.3%** | **-0.7%** | **9.3%** |
| **B2 (R/kg)** | **R58.11** | **1.4%** | **3.2%** | **18.0%** |
| **C2 (R/kg)** | **R57.79** | **3.2%** | **3.7%** | **24.9%** |

# Speenkalwers

Die speenkalfprys het in Week 11 met 2.6% gestyg teenoor die vorige week en is tans 21.3% hoër as dieselfde periode 'n jaar gelede. Die styging in die prys kan toegeskryf word aan 'n volgehoue laer aanbod van speenkalwers. Die verwagting is dat die prys 'n moontlike dalende tendens kan ingaan tot in Mei. Volgens 'n 95% sekerheid voorspelling, gebaseer op die afgelope 17 jaar se historiese data, behoort die speenkalfprys in April ongeveer R38/kg te wees, terwyl die prys nie laer as R35/kg en nie hoër as R42/kg behoort te wees nie. Let op dat die prys tans meer na die boonste grens van die voorspelling toe neig, weens 'n laer aanbod van speenkalwers in die mark.




# A2 Beeskarkasse

Die gemiddelde A2 karkasprys het in Week 11 effens gedaal teenoor die vorige week en is tans 9.3% hoër as dieselfde periode 'n jaar gelede. Die prys bly redelik sywaarts beweeg en die verwagte styging met die aanloop na Paastyd het nog nie `n aanvang geneem nie. Volgens 'n 95% sekerheid voorspelling, gebaseer op die afgelope 17 jaar se historiese data, behoort die A2 karkasprys in April ongeveer R67/kg te wees, terwyl die prys nie laer as R60/kg en nie hoër as R74/kg behoort te wees nie.

RMIS UFS

*Verslag saamgestel deur die Departement: Landbou-Ekonomie aan die Universiteit van die Vrystaat en moontlik gemaak deur die rooivleis statutêre heffing.*

***Bronne:** Karkaspryse verkry van die Rooivleisabattoirvereniging (RVAV) en speendierpryse van Agri Mark Tendense (AMT).*

RPO

# RPO Markverslag


## Week 11 van 2026

Week geëindig op 13 Maart 2026




**Let Wel:** Hierdie is historiese pryse tot op 13 Maart 2026 en `n gemoduleerde voorspelling van toekomstige pryse. Dit is nie `n weergawe van die huidige markpryse nie.

| Klas | Prys | Week/Week | Maand/Maand | Jaar/Jaar |
|---|---|---|---|---|
| Stoorlam (R/kg) | R46.41 | -2.0% | -5.2% | 14.2% |
| A2 (R/kg) | R101.87 | 0.4% | -0.3% | -0.1% |
| B2 (R/kg) | R85.25 | 10.4% | 5.9% | 17.4% |
| C2 (R/kg) | R80.13 | 1.2% | -1.1% | 21.7% |





## Stoorlammers

Die stoorlamprys het in Week 11 met 2.0% gedaal teenoor die vorige week en is ongeveer 14.2% hoër as dieselfde periode ‘n jaar gelede. Die daling in die prys kan toegeskryf word aan ‘n hoër aanbod op lammers in die mark. Die verwagting is dat die prys ‘n moontlike stygende tendens kan volhou tot in Junie. Volgens ’n 95% sekerheid voorspelling, gebaseer op die afgelope 17 jaar se historiese data, behoort die stoorlamprys in April ongeveer R48/kg te wees, terwyl dit nie laer as R44/kg en nie hoër as R52/kg behoort te wees nie.

## A2 Lamkarkasse

Die A2 lamkarkasprys het in Week 11 effens gestyg teenoor die vorige week, maar is tans basies op dieselfde vlak as ‘n jaar gelede. Die effense styging in die prys kan toegeskryf word aan ‘n laer aanbod van lamkarkasse in die mark. Die verwagting is dat die prys ‘n stygende tendens kan volhou vir die volgende 4 maande. Volgens ’n 95% sekerheid voorspelling, gebaseer op die afgelope 17 jaar se historiese data, behoort die A2 karkasprys in April ongeveer R101/kg te wees, terwyl die prys nie laer as R94/kg en nie hoër as R109/kg behoort te wees nie.




*Verslag saamgestel deur die Departement: Landbou-Ekonomie aan die Universiteit van die Vrystaat en moontlik gemaak deur die rooivleis statutêre heffing.*

***Bronne:** Karkaspryse verkry van die Rooivleisabattoirvereniging (RVAV) en speendierpryse van Agri Mark Tendense (AMT).*